

## Hoe behoort die lewe van 'n skaap te lyk?

[Sinaiverbond (2) – God se wet – Eksodus 20:1-17]

In die vorige artikel ([Artikel “Hoe ltk God se ideale skaap?”](#)) het ons gesien dit is noodsaaklik vir die skape om volgens God se wil te leef sodat God se ideaal met die mensdom sal realiseer. Vervolgens wil ons besin oor wat die inhoud van God se wet is, sodat ons daaruit kan verstaan hoe die lewe van 'n skaap behoort te lyk. In hierdie artikel fokus ons uitsluitlik op God se morele wet, aangesien dit vandag steeds die riglyne is waarvolgens skape moet leef.

Eksodus 20:1 sê: “Toe het God al hierdie woorde **gespreek en gesê:**” (1953 Vertaling). Ons is oortuig dat die hele Bybel deur mense geskryf is onder leiding van die Heilige Gees. Daar is egter dele in die Bybel waar direkte woorde van God aangehaal word. Die 10 gebooe is een van daardie gedeeltes. Wat dit nog meer uniek maak is dat ons in Eksodus 32:15-16 lees dat God self hierdie wet op twee kliptafels **neergeskryf** het.


Dit is die enigste deel in die Bybel wat letterlik deur God self neergeskryf is! Die uniekheid word verder duidelik as ons in gedagte hou hierdie kliptafels is in die verbondsark geplaas, en die verbondsark is op sy beurt in die Allerheiligste van die tabernakel/tempel geplaas. Duidelik is die wet baie belangrik in God se oë!

God se morele wet kan met een woord opgesom word: **Liefde**. Dit bestaan uit twee fokusareas:

- Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en siel, en met al jou krag (Deuteronomium 6:5, Matteus 22:37)
- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (Levitikus 19:18, Matteus 22:38)

Nie net is dit hoe die wet in die Ou Testament beskryf is nie, maar dit is ook hoe Jesus die wet opsom tydens sy lewe hier op aarde. Liefde is duidelik die essensie van wetsonderhouding. In die eerste plek moet 'n skaap God bo enigiemand of enigiets anders liefhê. En daarna moet hy sy naaste soos homself liefhê.

Die allesoorheersende liefde teenoor God word in die eerste vier gebooe in meer detail beskryf. Dit hou in dat skape absoluut oortuig moet wees daar is net een God, en dit is die Verbondsgod. Alle ander gode wat aanbid word, is valse gode. Verder moet skape se kennis en aanbidding van die Verbondsgod gebaseer wees op wat Hy van Homself openbaar – hoofsaaklik in die Bybel, maar ook deur die skepping en geskiedenis. Skape moet so 'n hoë respek vir God hê, dat hulle sy Naam slegs met groot omsigtigheid en eerbied gebruik. God is immers jaloers op sy Naam.



Hulle moet hulle ook inspan om gereeld intiem met Hom gemeenskap te hê sodat hulle Hom en sy werk al beter sal leer ken. Vir hierdie doel het God elke sewende dag afgesonder. Ses dae moet hulle hard werk in sy skepping, en op die sewende dag Hom aanbid.

Die ander 6 gebooie beskryf wat dit beteken om jou naaste lief te hê soos jouself. Dit sluit die beginsel in om gesagstrukture te respekteer, beginnende in die ouerhuis en dit kring so wyd uit as die regering van die dag. 'n Skaap moet die lewe van sy naaste respekteer. Nie net mag hy nie iemand anders se lewe neem nie, hy moet die lewe van 'n ander beskerm en selfs bevorder. Hy moet God se instelling van die huwelik respekteer – beide sy eie huwelik asook die huwelike van ander. 'n Skaap mag nie steel nie, maar moet hom beywer om sy naaste se besittings te beskerm. Hy mag nie lieg nie, maar moet hom te alle tye vir die waarheid beywer. Hy moet ook leer om vergenoegd te wees met wat God vir hom gegee het, in plaas van om te begeer wat sy naaste het.

God is nie net heilig nie – Hy is drie maal heilig (Op 4:8). Omdat Hy drie maal heilig is, verwag Hy van die skape om ook heilig te wees (Levitikus 11:44). Dit beteken hulle moet God se wet **gewillig en volmaak** onderhou. Dan sal God se ideaal vir die mensdom realiseer.

Deuteronomium 28 is 'n aangrypende hoofstuk waar Moses die volk herinner aan die seëninge wat hulle kan verwag indien hulle God se gebooie onderhou, maar ook aan die strawwe wat hulle kan verwag indien hulle dit nie doen nie. Uit die res van die Ou Testament is dit duidelik dat die Israëliete herhaaldelik ongehoorsaam was – dis so erg dat God hulle op die ou end in ballingskap laat wegvoer.

Hier is 'n ernstige bedreiging vir die realisering van God se ideaal: Al het God hulle geroep, verlos uit Egipte, vir 40 jaar gelei deur die woestyn, in die beloofde land gebring, en selfs al besit hulle God se wet – hulle onderhou dit nie! En God se heiligheid eis noodwendig dat hulle gestraf moet word.

Wat dit nog meer krities maak is dat Moses al voor die volk die beloofde land bereik het, gesê het hulle kán doodeenvoudig nie die wet volmaak onderhou nie! Hoekom nie? Want die Here het nog nie vir hulle verstand gegee om te verstaan, oë om te sien en ore om te luister nie (Deuteronomium 29:4). Daar is dus iets wat ontbreek. Ons sal hierna terugkom wanneer ons oor die Nuwe Verbond besin.